



Verwysing: 20160623-1765
6/7/12
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0022/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure,
Kringbestuurders, en Hoofde van onderwysinrigtings

Kort opsomming: *Stipulasies aangaande die betrokkenheid van opvoeders en staatsdienswerknemers by die plaaslike verkiesings wat vir 03 Augustus 2016 geskeduleer is.*

Onderwerp: Betrokkenheid van WKOD-opvoeders en staatsdienswerknemers by die plaaslike verkiesings wat vir 03 Augustus 2016 geskeduleer is

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) die reg van sy werknemers erken om ingevolge ons land se grondwet 'n politieke loopbaan na te jaag.
2. Dit is die departement ook daartoe verbind om leerders se reg op 'n veilige en stabiele leeromgewing te verseker.
3. Dit is belangrik dat WKOD-werknemers daarop moet let, dat amptelike werkyd en/of staatspersele nie gebruik mag word om stemme te werf of om die belange van 'n politieke party te bevorder nie.
4. WKOD-werknemers wat die OVK tydens die komende plaaslike verkiesings wil bystaan, moet teen nie later nie as **22 Julie 2016** om toestemming aansoek doen om besoldigde werk buite die staatsdiens (BWBDS) te verrig en hul aansoeke by hul distrikskantoor of direkteur by Hoofkantoor indien. Aansoekers sal teen 29 Julie 2016 in kennis gestel word of hul aansoeke vir BWBDS suksesvol was. Slegs werknemers wie se aansoeke vir BWBDS goedgekeur is, sal in aanmerking kom om die OVK tydens die plaaslike verkiesings by te staan.
5. Hoofde van opvoedkundige inrigtings en direkteure van onderwysdistrikte word voorts versoek om die operasionele vereistes van hul inrigtings in ag te neem voordat

verlofaansoeke vir werknemers wat aan die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) se opleiding wil deelneem en pligte by stemlokale wil uitvoer, goedgekeur word.

6. Die regsraamwerk, beleidsmaatreëls en voorwaardes wat die betrokkenheid van WKOD-werknemers tydens die plaaslike verkiesings reguleer, is duidelik in die aangehegte bylaes in hooftrekke beskryf:

Bylae A1 – Plaaslike Verkiesings (Deeltyds)

Bylae A2 – Plaaslike Verkiesings (Voltyds)

7. Hoofde van onderwysinrigtings en direkteure van onderwysdistrikte word versoek om seker te maak dat die inhoud van hierdie omsendbrief en die bylaes onder die aandag van al die werknemers gebring word. Elke werknemer moet die dokument onderteken as bewys dat hy of sy van die inhoud daarvan kennis neem en die nodige BWBDS-dokumente (**Bylae B**) met betrekking tot addisionele vergoeding voltooi.

GETEKEN: PA VINJEVOLD

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-07-14